## SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter as voorsitter van die Wêreld Doeane-organisasie aangestel

**Tshwane, 25 Junie 2023** – Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom sy kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, se aanstelling as voorsitter van die Wêreld Doeane-organisasie (WCO). Die aanstelling het op 24 Junie 2023 plaasgevind by die organisasie se raadsitting by die WCO-hoofkantoor in Brussels, België.

Die WCO het 185 lede, waarvan driekwart ontwikkelende lande is, en die raad is die hoogste besluitnemende liggaam. Dit is in 1952 as die Doeane Samewerkingsraad (CCC) gestig, dit is die enigste interregeringsorganisasie wat uitsluitlik op doeane-aangeleenthede fokus en word as die stem van die wêreld se doeanegemeenskap geag. Die CCC het in 1994 die werksnaam Wêreld Doeane-organisasie aangeneem.

Met die aanvaarding van die uitdaging om die WCO vir ‘n jaar te lei, het mnr. Kieswetter waardering uitgespreek teenoor sy kollegas wat hom as geskik geag het om so ‘n hooggeagte liggaam te lei. Hy het gesê: “Leierskap is ‘n buitensporige verantwoordelikheid en dis ‘n rare voorreg om internasionale pogings te help om doeanepogings na die middel van internasionale handelsfasilitering te bring. Hierdie verkiesing is genoeg bewys dat die leierskap van SARS ten opsigte van doeane-aangeleenthede, na baie jare van staatskaping, erken word”.

Die verkiesings word voorafgegaan deur die beleidkommissie. Die besprekings by die beleidkommissie het gewissel van vordering met WCO se tegniese programme, ontluikende en nuwe uitdagings wat die doeanewêreld in die gesig staar, tot organisatoriese ontwikkelingskwessies rondom die bestuur en modernisering van die WCO as ‘n lede-gedrewe organisasie.

Gegewe die voorafgaande aktuele kwessies wat tans op die agenda is, sit kommissaris Kieswetter op die toppunt van ‘n wêreldverhoog om toepaslike rentmeesterskap te verskaf wat sal verseker dat die WCO geskik is vir hul doel en in die verskaf van leierskap en ondersteuning vir die wêreldwye doeanegemeenskap toepaslik bly.

Kommissaris Kieswetter het die agenda wat sy voorsitterskap sal inlig uiteengesit:

1. Om met sy kollegas en eweknieë van ledelande saam te werk om aktief te luister en te verseker dat die WCO se strategiese oogmerk uitdrukking vind deur:

- ‘n effektiewe, goed-bestuurde sekretariaat,
- ‘n transformerende moderniseringsplan,
- ‘n toepaslike stel prioriteite,
- ‘n duidelike begrip van wat dit beteken om te wen.

2. Voorspraak maak vir groter ingeslotenheid met ‘n sterk fokus op vroue en mense met gestremdhede.

3. Bou van veerkragtige en effektiewe vennootskappe met alle belanghebbendes.
4. Strewe jeens ‘n versterkte profiel van die belangrike rol van doeane in diens van die gemeenskap en die versekering van die welstand van veral die kwesbaarstes.

Die vorige, en die enigste ander keer wat ons land die WCO-raad gelei het, was van 2001 tot 2006 onderleiding van die voormalige kommissaris, mnr. Pravin Gordhan.

Kommissaris Kieswetter het die uitredende sekretaris-generaal, dr. Kunio Mikuriya en voorsitter mnr. Ahmed Al-Khalifa bedank vir hul bekwame rentmeesterskap wat die organisasie se agenda so suksesvol gedryf het.

Die beleidkommissie het ook mnr. Ian Sanders van die Verenigde State verkies as die WCO se nuwe sekretaris-generaal. Mnr. Sanders sal sy termyn op 1 Januarie 2024 begin.

Ter slotte, het die kommissaris ook sy kollegas op die Afrika-kontinent bedank, veral die oostelike en suidelike Afrika, ons BRICS-vennote en ander streke vir die bemaking van hierdie eer aan Suid-Afrika.

Vir meer inligting, kontak SarsMedia@sars.gov.za